Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Posbus 20
Hermanus 7200

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

JUNIE 2016

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

WEERMAGKORPS VIND OVERSTRAND-TOER HOOGS INSIGGEWEND

As deel van hul besoek aan nasionale sleutelpunte het lede van die Suid-Afrikaanse Nasionale Verdedigingskollege onlangs besoek aan Overstrand gebring om insig te verkry in die operasionele elemente en funksies wat 'n munisipaliteit ten grondslag lê.

Sommige van die plekke waar die span besoek afgelê het, het Hermanus se oorlaaistasie en herwinningsaanleg, Walkerbaai se substasie en die Preekstoel-biofiltreringwateraanleg ingesluit.

Hierby het Uitvoerende Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie 'n omvattende en insiggewende oorsig gebied van Overstrand se bedryf- en diensleweringprogramme deur in die besonder te fokus op die toepassing van nasionale en provinsiale riglyne in die munisipaliteit se pogings om sosio-ekonomiese en politieke inklusiwiteit te verseker, sowel as pogings om ooreenstemming tussen besteding en die gemeenskap se prioriteite te bewerkstellig.

Geakkrediteer deur die Universiteit van Stellenbosch en aangebied in medewerking met die SA Militêre Akademie, bied dié kollege 'n jaarlange studieprogram aan waarby ses modules ingesluit is wat 'n wye reeks nasionale sekuriteitsaangeleenthede dek.

In reaksie op 'n vraag wat deur kol. Maria Make van die Suid-Afrikaanse Weermag gestel is oor wat Overstrand doen om werk te skep en inkomste te genereer, het Botha-Guthrie geantwoord: "Alhoewel Overstrand nie werksgeleenthede kan skep nie, kan ons 'n bemagtigende omgewing skep waarbinne sulke geleenthede wel bestaan. Ons doen ons bes om via die uitgebreide-openbarewerkeprogram lewenskragtige indiensneming en gemeenskapontwikkelingsgeleenthede te skep en deur seker te maak dat mense weet hoe om munisipale verordeninge te interpreteer. Voorts ondersteun Overstrand op 'n deurlopende grondslag verskeie programme wat daarop gemik is om die jeug sowel as diegene met spesiale behoeftes te bemagtig."

Munisipale Bestuurder, Coenie Groenewald, het vir 'n bietjie humor gesorg toe hy in sy verwelkomingsboodskap opgemerk het dat alhoewel 'n bestelling vir "walvisse en fantastiese weer" geplaas is, daardie bestelling nie deurgegaan het nie omdat iemand wat by voorsieningskanaalbestuur betrokke is, waarskynlik sy of haar werk heeltemal te ernstig opneem.

Hermanus FynArts beloof om winterkoue te verdryf met 'n keur van kuns, musiek, kos en wyn

Delft Big Band

Geskoei op 'n Franse tema, skop Hermanus FynArts vanjaar af op Vrydag 10 Junie met 'n spesiale openingskonsert deur die weergalose Richard Cock en sal, tot en met die 19de, nie minder nie as 20 uitstallings, 18 konserte, 20 praatjies en paneelbesprekings, 20 werksessies en 10 sjefdemonstrasies sowel as 'n duisternis dinees en wynproesessies aanbied.

'n Paar van die kunstenaars en aanbieders wat by vanjaar se geleentheid gaan optree, sluit in Louis Jansen van Vuuren, Hardy Olivier, Zapiro, David Kramer, John Kani, Amanda Strydom, Kamal Khan, Marilyn Martin en Christopher Hope. Aangesien Jeugdag in die loop van die fees gevier gaan word, is Peter and the Wolf met die Kaapse Filharmoniese Jeugorkes en die gewilde TV-aanbieder, Katlego Maboe, as die verteller ook op vanjaar se spyskaart.

Opbrengste uit kaartjiesverkope van enkele geleenthede sowel as wynverkope van die FynArts wyn, sal vir die FynArts-ontwikkelingsfonds aangewend word, 'n fonds wat ten doel het om die ontwikkeling van kuns in Groter Hermanus en langs die Kaapse Walviskus te stimuleer.

Om die volledige program te sien, besoek www.hermanusfynarts.co.za. Kaartjies is beskikbaar via webtickets.co.za of vanaf Hermanus-toerisme by 028 312 2629.

SUPERMOTORS IDEALE MIDDEL OM DIE JEUG TE INSPIREER

Overstrand se Burgemeester, Nicolette Botha-Guthrie, was onlangs die ontvanger van 'n donasie vanaf Ish Kaskar, 'n super-motoreienaar.

Kaskar het Last Lion Lifestyle in 2015 begin ten einde 'n uitbreibare, wêreldwye platform daar te stel wat supermotoreienaars met mekaar verbind sodat die geleenthede en saamtrekke wat deur hulle gereël en aangebied word, as 'n middel gebruik kan word om die jeug te inspireer, te motiveer en te mentor.

Last Lion Lifestyle het alliansies met 'n aantal tophandelsmerke in die motorbedryf en aspirerende leefstylruimte en word deur hulle onderskryf. Van groter belang is egter dat die organisasie 'n affiliasie met munisipaliteite in die Wes-Kaap het en 'n integrale rol vervul in die motivering van kinders vanuit voorheen benadeelde gemeenskappe deur verskeie lewensvaardigheid- en ontwikkelingsprogramme te fasiliteer.

In haar dankbetuiging teenoor Last Lion Lifestyle vir hul mildelike donasie, het die Burgemeester gesê dit sal baie help om daardie gemeenskapsgebaseerde jeuguitbreidingsprojekte te befonds waarby sy betrokke is en wat deur haar onderskryf word:

"Dit is fantasties dat julle organisasie die fondswerwingsgeleenthede waarby julle betrokke is, gebruik om uit reik na en om die jeug van ons land aan te moedig om groter dinge na te streef en hul drome te bewaarheid. Julle pogings is prysenswaardig, en daarvoor sê ek dankie."

KORTING OP EIENDOMSBELASTING VIR BEJAARDES

Bejaarde kliënte kan nou begin aansoek doen vir die pensioenariskorting op eiendomsbelasting, geldig vanaf 01 Julie 2016.

Afgetrede en gestremde persone kwalifiseer vir spesiale kortings op eiendomsbelasting na gelang van hul totale bruto maandelikse huishoudelike inkomste. Om vir die korting te kwalifiseer:

- Moet die eienaar/s 'n Suid-Afrikaanse burger/s wees
- Moet die aansoeker/s die geregistreerde eienaar/s wees
- Moet die eienaar/s die eiendom as sy/haar/hul primêre woning bewoon
- Moet die eienaar/s minstens 60 jaar oud wees of 'n ongeskiktheidspensioen vanaf die Staat ontvang
- Mag die bruto maandelikse huishoudelike inkomste nie R12 000 oorskry nie
- Mag die eiendom nie uit meer as een residensiële eenheid bestaan nie
- Mag aansoeker/s nie die eienaar/s van meer as een eiendom wees nie

Alle aansoeke moet voor **15 Julie 2016** deur die munisipaliteit ontvang word. Soos per die goedgekeurde eiendomsbelastingbeleid, kan ons aansoeke wat laat ontvang word, oorweeg maar nie ná 30 September 2016 nie.

AANVULLENDE WAARDASIELYS OOP VIR INSPEKSIE

Munisipaliteit Overstrand se nuwe algemene waardasierol vir die 2015/16-boekjaar lê tans ter openbare insae; hierdie tydperk sal vanaf 12 Mei 2016 tot 28 Junie 2016 duur.

Gedurende hierdie tydperk kan enige persoon wat beswaar wil aanteken teen enige aangeleentheid wat in die rol weerspieël word of daaruit weggelaat is dit doen deur die voorgeskrewe beswaarvorm in te vul. Hierdie vorm is beskikbaar op die munisipale webwerf (www.overstrand.gov.za) en by munisipale kantore.

Let asseblief op die volgende:

- U aandag word daarop gevestig dat ingevolge artikel 50(2) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 (Wet 6 van 2004), hierna die "wet", moet 'n beswaar betrekking op 'n spesifieke eiendom hê, en nie op die aanvullende waardasielys as sodanig in geheel nie.
- Beswaarmakers moet by die tydsraamwerke ten opsigte van die inspeksie van die waardasierol hou vir die aanteken van besware.
- Voorts moet daar beklemtoon word dat dit kragtens artikel 45(1) van die wet nie verpligtend is om die eiendom te inspekteer wat waardeer moet word nie. Eienaars sien dikwels hierdie feit oor die hoof.
- Na afloop van die inspeksietydperk sal alle besware wat ontvang is na die munisipale waardeerder verwys word, wie dan onverwyld 'n besluit moet neem en die beswaarmakers oor die uitslag van sy/haar besluit moet inlig.
- Beswaarmakers wat nie tevrede is met die resultaat van hul besware nie, kan hierna 'n appèl by die Waardasie-appèlraad aanhangig maak.
- Dit is belangrik om daarop te let dat die wet van die beswaarmaker verwag om steeds eiendomsbelasting te bly betaal onderwyl sy/haar beswaar verwerk en gefinaliseer word.

Rig asseblief enige navrae rakende waardasies aan Johette Basson by 028 313 8133 of rig 'n e-pos aan enquiries@overstrand.gov.za.

NOMINASIES VIR DIE 2016 BURGEMEESTERSTOEKENNING

Tydens die jaarlikse Aand van Uitnemendheid, word erkenning gegee aan uitblinkers wat 'n verskil maak in die Overstrand met die toekenning van die Burgemeesterstrofee vir Omgewingsbewaring, die Vrou/Vroue van die Jaar Toekenning en die Toekenning vir Presteerders van Uitnemendheid.

Die oorhandiging van die toekennings deur die Burgemeester vind op 23 Augustus 2016 plaas. Nominasies hiervoor word afgewag en moet op of voor Vrydag, 29 Julie 2016, ingehandig word.

Nominasies vir die gesogte Burgemeesterstrofee vir Omgewingsbewaring, kan gestuur word na Liezl de Villiers by **lbezuidenhout@overstrand.gov.za**.

Nominasies van vroue van die Overstrand wat 'n verskil maak in die gemeenskap en oorweeg kan word vir die Vrou van die Jaar Toekenning, moet gestuur word na **Elize van Zyl by everrij@overstrand.gov.za**.

Presteerders van uitnemendheid in die gemeenskap word ook deur raadslede identifiseer. Goed gemotiveerde nominasies vir hierdie toekenning kan by enige raadslid ingehandig word of gestuur word na **Elize van Zyl by everrij@overstrand.gov.za**.

Nominasies kan ook by die Kantoor van die Burgemeester ingehandig word of gefaks word na 028 313 8067.

Neem asseblief kennis dat alle nominasies deur die volle kontakbesonderhede van beide die genomineerde en die nomineerder, vergesel moet word.

VERKLEIN JOU VOETSPOOR:

10 MAKLIKE STAPPE OM ENKELGEBRUIK-PLASTIEK TE GROET

1. **Sit jou stompie in 'n blik:** Sigaretfilters bevat plastiek en, sonder twyfel, 'n hele klomp gifstowwe wat skadelik is vir beide land- en seebewoners.
2. **Wys strooitjies van die hand:** Volgende keer wanneer jy 'n drankie bestel, maak seker dat die kelner weet jy wil nie 'n strooitjie hê nie. Plastiese strooitjies tel onder daardie items wat algemeen vir besoedeling langs strande verantwoordelik is.
3. **Koop plaaslik:** Bykans alle supermarkte verpak hul vars produkte in plastieksakke of polistireen. Doen die "plaaslike" ding deur jou aankope by 'n varsproduktemark of boer in die omgewing te doen wat nie hul opbrengste hoef te verpak of halfpad rondom die wêreld hoef te verskeep nie.
4. **Hou daai herbruikbare inkopiesakke byderhand:** In Suid-Afrika alleen word agt miljard enkelgebruik- plastiese inkopiesakke jaarliks verkoop. Die feit dat hierdie sakke al te dikwels deur voëls, diere en visse verorber word, word bevestig deur hierdie skrikwekkende statistiek: In die Verenigde Arabiese Emirate vrek 50% van alle kamele omdat hulle plastiek gevreet het!
5. **Staak gebruik van produkte wat mikrokorreltjies bevat:** Teen hierdie tyd is dit tweede natuur om die etiket na te gaan van die kosse wat jy aanskaf. Al wat nou nodig is, is dat jy dieselfde doen wanneer jy volgende keer tandepasta, lyfseep, gesigseep of selfs sjampoe koop. Maak seker dat geen mikrokorreltjies onder die bestanddele gelys word nie omdat hierdie maklik deur waterfiltreringsaanlegte glip, in die see beland en deur akwatiese diere vir kos aangesien word.
6. **Doen dit self:** Baie van die klaargaarmaaltye wat ons by supermarkte koop, word van minderwaardige bestanddele gemaak en word vir ons gerief in plastiek verskaf. Ongeag of dit nou 'n klaargaarmaal is of die muesli wat jy vir ontbyt nutting, waarom maak jy nie eerder jou eie wat gesonder en omgewingsvriendeliker is nie?
7. **Gebottelde water is 'n mors:** Kraanwater kos net 'n paar sent per liter vergeleke met die R12 per liter wat dit kos om gebottelde water te koop. Om in 'n waterbottel te belê wat van glas of vlekvryestaal gemaak is, is beide 'n volhoubare en 'n kostedoeltreffende oplossing.
8. **Kies glas:** Die meeste winkels se yskaste is tot oorlopens toe vol van koeldranke, gegeurde melk en vrugtesappe wat almal in plastiekbottels aangebied word. As jy nie hiersonder kan klaarkom nie, probeer om 'n glasbottel te kies of, in die geval van ander items soos koffie, kies 'n glasfles. Hierdie bottels en flesse kan minstens herwin word of by die huis gebruik word om ander goed in te stoor.
9. **Bring jou eie herbruikbare koffiebekertjie:** Weggooibare bekers mag dalk oënskynlik van papier gemaak wees, maar die meeste word met plastiek uitgevoer en die dekseltjies is uitsluitlik van plastiek. Net in Australië land 2 miljard weggooibare koffiebekertjies jaarliks by stortingsterreine op, wat sowat 7 000 ton se afval tot gevolg het. Bring jou eie herbruikbare beker; sommige koffiewinkels sal jou selfs met 'n afslag hiervoor beloon!
10. **Wees bedag:** Staan 15 minute vroeër op en maak jou eie toebroodjie of peuselhappie om werk toe te neem. Hierdie is 'n wen-wen-situasie: Jy gaan geld spaar én verhoed dat jy 'n klomp plastiese verpakkingsmateriaal moet gebruik.

In die hedendaagse lewe is dit onmoontlik en verregaande om te verwag dat mens plastiek geheel en al kan vermy. Maar deur die 10 praktiese stappe hierbo te volg, behoort dit nie té moeilik te wees om die hoeveelheid plastiek, veral enkelgebruikplastiek, te verminder wat ons daagliks gebruik nie.

Die slotsom? Verminder waar jy kan, en herwin die res.

VIOLIS SE ONWEERSTAANBARE PANACHE BETOWEREND

Violis **RACHEL LEE PRIDAY** van die VSA, wat hoë lof vir haar heldere toon en boeiende verhoogpersoonlikheid toegeswaai word, kan op Sondagmiddag 26 Junie in konsert gehoor word. PRIDAY het reeds as solis met verskeie internasionale orkeste opgetree, en haar styl beloof om die gehoor te beïndruk. Sy sal begelei word deur konsertpianis Bryan Wallick (voorheen van die VSA en tans woonagtig in SA). Hulle gaan werke deur Brahms, Prokofiev en Beethoven uitvoer, sowel as Sarasate se Zigeunerweisen.

Die konsert begin om 15:30 in Hermanus se munisipale ouditorium. Kaartjies kos R120 (R60 vir studente). Skakel BELLINI by 028 312 4988 om te bespreek. Nadere besonderhede kan verkry word deur OAK se sekretaresse, René du Plooy, by 082 940 4238 te skakel.